

SIR JOHN ERNEST ADAMSON AS OPVOEDKUNDIGE.

H O O F S T U K I.

SY LOOPBAAN.

(a) Familie-Geskiedenis.

John E. Adamson is op 11 Januarie 1867 in Wakefield, in die weste van Yorkshire, Engeland, gebore. Sy vader was 'n werkende masjiniër en die gesin het uit een seun en twee dogters bestaan.

Terwyl hy as dosent aan die Opleidingskollege van Suid Wallis, Carmarthen werksaam was, het hy in die huwelik getree met mej. G. Thomas met wie hy tot haar oorlye, vroeg in die jaar 1941 in 'n kinderlose egverbintenis saamgeleef het.

Gedurende 'n persoonlike onderhoud met dr. Adamson op 3 Mei 1941 in die Pretoria Klub het hy op my vraag omtrent sy eggenote, wat toe pas oorlede was, vir 'n oomblik in 'n vérgesig verstaar, daarna stadig opgestaan, 'n stukkie papier van die kaggel aan die teenoorgestelde muur geneem en die volgende daarop neergeskryf: "Gyndolyn Mary Howell Thomas of Starling Park, Carmarthen, South Wales."

Aan die "Sir John Adamson"-skool, Johannesburg, is haar naam deur Sir John in blywende herinnering geroep deur die toekenning van 'n beurs met haar naam, soos hy aan my op 24 Oktober 1942 geskryf het: "The Bursary will be called 'The Lady Adamson Bursary or Prize!'"

Aan die teerheid waarmee hy telkens na sy ontslape eggenote verwys het, is dit duidelik dat hy 'n hoë waarde aan huislikheid en gemeenskapsomgang geheg het om die lewensgeluk te verhoog, en dit sou ongerymd wees as hy die vaderlike advies wat hy ons gee in sy "Externals and Essentials" nie uitgeleef het nie. Daar sê hy : "No man or woman should, at 5 p.m. be unable or unwilling to switch the<sub>1</sub> current of sympathy on to home, child, neighbour or friend."

Hierdie egpaar het in 1902, toe 'n uitnodiging hulle te beurt geval het om onderwysprobleme rigting te gee in die pas verowerde Transvaal kolonie, onder die Milner-regime, besluit om die lange en moeitevolle seereis en 'n pionierslewe in 'n pioniersprofessie in hierdie onontwikkelde kolonie van Suid-Afrika te aanvaar. Die eerste indruk wat hierdie land op Adamson gemaak het was een van bewonderende verrukking soos hy dit in sy eie woorde weergee: "Table mountain was for<sup>2)</sup> me, on a November morning of 1902, just a miracle of beauty." Dat hy hierdie land in die aand van sy lewe nog as sy eie tuiste gekies het, waar hy as pensionaris op Muizenberg woon, toon die invloed wat Suid-Afrika in sy lewe vervleg het.

Sir John is oor die ses voet lank, beheer 'n sterk en geniale persoonlikheid waarin sy grysblou oë 'n belangrike rol speel. Dat die jare hom liggaamlik en geestelik gunstig bedeel het, blyk uit sy brief van 24 Februarie 1945: " I am keeping wonderfully well considering that I completed my 78th year on the 11th January. My recreations for such intellectual energy as I have left are some branches of Mathematics which I had not touched and 'Geskiedenis vir Suid-Afrika', S.N.F.Gie".

Op hierdie leeftyd is Adamson dus nog student! Daarom kon hy so 'n pragtige pleidooi lewer vir konsentrasie as 'n lewens-<sup>3)</sup>gewoonte in sy werkie "Externals and Essentials" en daarom<sup>4)</sup> kon hy sê: "The only final education is Self-education."

(b) Sy Opleiding.

Die jong Adamson het sy primêre skoolloopbaan begin in sy geboortestad, Wakefield, in die laerskool van St. Michaels, Hoburgweg. Reeds vroeg in sy lewe het die onderwysprofessie sy belangstelling gewek en derhalwe het hy hom na die vol-

---

2) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls.77.  
3) Externals and Essentials, bls. 8 - 25.  
4) Ibid., bls. 25.

tooling van sy laerskoolstudies in sy Alma Mater, as leerling-onderwyser laat inskryf. Nadat hy die "Queens' Scholarship"-eksamen voltooi het, word hy student aan die St. Marks' Opleiding Kollege, Chelsea, London, om die gewone tweejarige opleidingskursus vir onderwysers te deurloop. Dat hy reeds as student oor besondere talent beskik het, word bewys deur sy prestasie dat hy die sewentiende plek in die hele eksamen verower het en die eerste plek aan die St. Marks' Kollege.

Soos dit dikwels met talent gaan, is 'n aanbod aan hierdie jong, belowende student gemaak om 'n pos op die staf aan sy kollege se oefenskool te aanvaar. In hierdie skool kon hy in sy tweejarige verblyf aldaar praktiese ervaring in sowel primêre as sekondêre onderwys opdoen daar die oefenskool vir beide afdelings voorsiening gemaak het.

Hierna is hy op uitnodiging na die opleidingskollege van Suid Wallis, Carmarthen, waar hy hom toegelê het op Engels, letterkunde, elementêre sterrekunde en volgens aangebore sin, ook op musiek en koorsang.

Nadat hy vier jaar op die staf van hierdie kollege was, het hy die geleentheid gekry om die vakante professoraat in Opvoedkunde, en destyds "Master of Methods" genoem, te vul. Hier het hy die geleentheid gekry om met die filosofiese probleme van die opvoedkunde, waarin hy persoonlik baie belang gestel het, in ware voeling te kom. In 1901 het hy dan ook, deur private studie, die Magister graad in Filosofie afgelê en terwyl hy nog aan sy ou kollege werksaam was, is hy deur Sir Michael Sadler uitgekies om na Suid-Afrika te kom ten einde behulpsaam te wees met die onderwysprobleme in die pas verowerde Transvaal kolonie wat destyds onder die Milner regime gestaan het.

Hiermee kom ons dan aan die einde van Adamson se formele opleiding, dog daar sou hy nog lank nie by berus nie, want hy

het student dwarsdeur sy lewe gebly. Saam met Plato onderskryf hy die stelling: Opvoeding is 'n lewenslange proses !

Onder leiding van mnr. A.K. Bot, van Pretoria, het hy vanaf 1907-10 Nederlands bestudeer en also nie slegs Nederlands magtig geword nie, maar ook Afrikaans. Verder praat hy ook Duits en Frans.

En hy het baie en wyd ge lees! In sy "Externals and Essentials" sê hy self: "Reading is to our spiritual life<sup>5)</sup> what eating is to our physical life, a means of survival." Sy self-studie het daartoe gelei dat hy in 1921 sy standaardwerk - "The Individual and the Environment", die lig kon laat sien, en daarmee het hy 'n ere-doktorsgraad in die Wysbegeerte verwerf.

(c) Sy Ampte.

As 'n mens die loopbaan van Adamson nagaan, dan kry jy onwillekeurig die indruk dat hy een van die soort studente was wat altoos 'n nuttige rol as medehelper in sy inrigting gespeel het. Hy moes 'n handige, gewillige en bekwame knaap gewees het. So het hy in sy opleiding altoos die een of ander rol gevul as junior assistent, 'n rol wat steeds uitgeloop het op 'n uitnodiging tot 'n aanstelling. Aldus word die einde van sy laerskool-loopbaan die begin van sy leerling-onderwyserskap aan St. Michaels, en die end van sy "Queens Scholarship" die stafaanstelling op St. Mark's Kollege, wat eindig met 'n professoraat in die Opvoedkunde aldaar. Hierdie aanstelling eindig met 'n uitnodiging na die Transvaal en wel in 1902 as hoof van die Pretoria Normaalkollege met sy sowat 80 studente met hul professionele en akademiese studies. In 1905, met die vertrek van mnr. Fabian Ware as Transvaalse Direkteur van Onderwys, stap Adamson in sy skoene oor, 'n betrekking wat hy vir die rekord tydperk van sowat 19 jaar met onderskeiding gevul het.

---

5) Ibid., bls. 116.

Gedurende hierdie jare het hy in sy persoonlike kapasiteit en as Direkteur van Onderwys, verskeie offisiële en semi-offisiële staatsampte beklee. So was hy bv. 'n gewilde keuse op publieke kommissies van opvoedkundige ondersoek sowel as vise-Kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika.

In 1924, met belangrike veranderings in die Sentrale Bestuur, het Adamson, wat toe 57 jaar oud was, verkies om sy betrekking as Direkteur van Onderwys neerte lê en is hy andermaal op uitnodiging vir 5 jaar aangestel as Rektor van die Grahamstadse Universiteitskollege, 'n betrekking wat 'n jaarlikse reis na Rhodesië van hom geverg het om persoonlik verslag aan die Regering van daardie land as donateur oor die voërding van Rhodesiese studente voor te lê. 'n Verdere verlenging van sy werksaamhede as Rektor het Adamson beleefd van die hand gewys met die wens dat 'n jonger man die amp behoort te beklee.

As pensionaris te Muizenberg was hy nog telkens en selfs so laat as 1934 en 1941, gevra om die tuig weer op te neem as voorsitter van regeringskommissies i.v.m. toelaes aan universiteite; en die Matrikulasie Taalinhoud in verhouding met die universiteitskursusse respektiewelik. In 'n brief van 8 September 1941 sê Sir John: "Indeed I have been out of harness only for short periods since my retirement from the Public Service."

(d) Onder verskeie Regerings.

Toe Adamson in November 1902 in Kaapstad aan wal gestap het, het die Anglo-Boereoorlog reeds ten einde geloop en het die twee Boere-republieke, die Oranje Vrystaat en die Transvaal, onder die Kroon-kolonie administrasie van Engeland gestaan. In die Transvaal was Lord Milner aan die hoof van sake en op sy versoek in 1902 aan die "London Board of Education" om 'n aantal bekwame jong manne, wat bystand in die baanbrekende onderwyswerk van die verowerde Republiek kon

verleen, het die keuse van Sir Michael Sadler o.a. op Adamson geval.

Toe hy dus as Normaaalskool-hoof in 1905 die onderwys-direkteurskap van die aftredende Direkteur mnr. Fabian Ware, onder mnr. ( die later Sir) Patrick Duncan, as Minister van Onderwys, moes aanvaar, was dit onder die beheer van die Milner militêre administrasie. Hierdie beheer kan kortliks as volg geskets word:

Met die verowering van die vernaamste stede en dorpe in die Transvaal, deur die Britse magte, kort na 1900, was die bestuur van dié landsake in die hande van die Britse militêre administrasie met Lord Milner aan die hoof. Gedurende hierdie Kroon-kolonie administrasie was die hoogste gesag in onderwyssake die Luitenant-Goewerneur-in-Rade. In die eerste plek het die Direkteur van Onderwys direk onder hierdie liggaam gekom. Mnr. E.B. Sargant, die eerste Direkteur van Onderwys in die Transvaal, en bygestaan deur mnr. Fabian Ware as Assistent-Direkteur, moes, as gevolg van abnormale oorlogsomstandighede, deur middel van kampskole vir onderwys voorsiening maak. Ingevoerde Britse leerkragte moes intussen die personeel-tekort aanvul daar 'n gedurig groeiende skoolpligtige leerlingpopulasie op onderwys-voorsiening gewag het. Die eerste arbeidsveld van die Transvaalse Onderwysdepartement was dus noodsaaklikerwyse die platteland met sy kampskole-organisasie. En, aangesien die ou Suid-Afrikaanse Republikeinse Onderwyswet van 1892 saam met die opheffing van die Republiek verval het, moes E.B. Sargant se Onderwyswet nl. Ordonnansie no.7 van 1900 met latere wysigings en aanvullings, aangeneem word en is dit in 1902 in werking gestel.

Na byna drie jaar van Kroon-kolonie bestuur, het die Engelse regering besluit om op 31 Maart 1905 aan die Transvaal Verteenwoordigende Bestuur toe te staan. Die Wetgewende

Vergadering wat hierop in die lewe geroep is, het uit ses tot nege beamptes en van 30 tot 35 verkose lede bestaan. Die Direkteur was een van hierdie genomineerde lede.

In 1905 is Lord Milner deur die versiene Lord Selborne opgevolg. Met die Campbell-Bannerman beleid van Verantwoordelike Bestuur aan die nuwe kolonies, het die Transvaal op 6 Desember 1906 na Verantwoordelike Bestuur oorgegaan. Die nuwe konstitusie het 'n uitvoerende en 'n wetgewende mag daargestel: die Goewerneur en 'n Kabinet van Ministers en 'n Parlement, die Wetgewende Raad van vyftien lede en die Wetgewende Vergadering van 69 lede. Lord Selborne was die Goewerneur, terwyl Genl. L. Botha Eerste Minister en Genl. J.C. Smuts die Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys was.

Die Onderwyswet van Sargant, wat nog in 1906 van krag gebly het, het verder ook nie verhoed dat die beweging vir „Vrye Christelike Nasionale Skole" in 1903 'n aanvang geneem het nie. Hierdie beweging, wat Britse inmenging in die skoolwese nie geduld het nie en „Nasionale en Kristelike Onderwys" voorgestaan het, het in 1905 so in omvang gegroei dat die Engelse owerheid werklik begin vrees het dat die openbare onderwys verdring sou word.

Met die koms van Verantwoordelike Bestuur in die Transvaal in 1907 het ook 'n nuwe Onderwyswet noodsaaklik geword. Die grondslag vir die nuwe Onderwyswet, nl. no. 25 van 1907, bekend as die Smutswet, ons huidige Onderwyswet in Transvaal, is in die "Selborne Minute" van 17 November 1905 en die daaropvolgende goewermentskennisgewing no.1117 te vind. Genl. J.C. Smuts as Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys in die „Het Volk"-regering, was ook die administratiewe hoof van Onderwys in die Transvaal, onder wie Adamson as Direkteur gedien het. Die feit dat die grondgedagtes van die Smutswet 'n voortbouing op die beginsels van die Selborne „minute" is, verklaar die handhawing van die Britse onderwysbeginsel

ten koste van die Afrikaanse beginsel van C.N.O.

Tussen die jare 1907 - 10 het die kontensieuse saak van godsdiensonderwys 'n bevredigende balans gevind, is verpligte skoolbesoek deur 'n stelsel van skoolbesoekbeamptes gereël, sentralisasie van skole na omstandighede deurgevoer, hoër onderwys deur persoonlike inspeksie en bemoeiing van die Direkteur bearbei en hoewel die beginsel en ideaal vandag nog voortleef, is ook die meeste Christelike Nasionale Skole deur die Staat oorgeneem:

Met die Unifikasie in 1910 is 'n Sentrale Beheer van die vier Provinsies in die vorm van die Unie-parlement daargestel met 'n stelsel van afsonderlike Provinsiale beheer vir elke Provinsie. Dit het nie slegs die Provinsiale belastingomvang ingeperk nie, maar ook die omvang van die aktiwiteite. So het die onderwys ook 'n ander indeling ondergaan. Primêre en sekondêre onderwys het die taak van elke afsonderlike Provinsie geword, terwyl na-skoolse onderwys, o.a. universitêre en tegniese onderwys, die taak van die Sentrale Regering uitgemaak het.

Die Provinsiale beheer sou voortaan sorteer onder 'n Administrateur met 'n Uitvoerende Raad en 'n Provinsiale Wetgewende Vergadering op die partystelsel gebaseer. Agtereenvolgens sou Adamson nou die onderwysmasjiën onder Administrateurs, Johann Rissik, S.G. Robertson en J.H.Hofmeyr deur

woelige politieke en dikwels ekonomies onstuimige oorlogs- en na-oorlogse periodes loods. Hierdie tydperk word gekenmerk deur uniale- en provinsiale kommissies van ondersoek om verbeterings in die onderwysmasjiënenerie aan te bring, en dit was veral die taak van die Direkteur om die Engels- en Afrikaanssprekende volksdele tot aanpassing, in terme van die Smutswet deur onderwysregulasies waarin hy 'n redelike vrye hand gehad het, te lei. Dat die Milner-amptenaar, Adamson, ook persoonlike aanpassing onder verskeie staats-



vorms tot sy reg laat kom, lewer 'n gunstige pleidooi vir sy opvoedkundige idee, dat opvoeding aanpassing is. En so het 1924 gekom met 'n Nasionale-Arbeider Koalisieregering en die gevolglike vrywillige bedanking van Adamson as Transvaalse Direkteur van Onderwys.